

Vuk'uzenzele

Produced by: Government Communication & Information System (GCIS)

English/Afrikaans

Augustus 2019 Uitgawe 2



GBVF's lifelong effects on children

Page 5




Banyana Banyana inspires future soccer stars

Page 16

JOBS INSIDE:

Dr Nndanganeni explores the galaxy



■ Dr Rendani Nndanganeni loves researching the impact of radiation on aviation.

More Matshediso

Nearly 10 years of tertiary study and a passion for physical science earned Dr Rendani Nndanganeni (33) her dream job as a space science researcher at the South African National Space Agency (SANSA).

SANSA is a government agency that reports to the Department of Science and Technology, and is part of the worldwide network of space weather centres and magnetic observatories. It plays an important part in monitoring the near-Earth space environment.

In simple terms, the agency works mainly with satellites.

After completing matric in rural Limpopo, Dr Nndanganeni's decade of tertiary

• Cont. on Page 2



ALSO AVAILABLE ON:



@VukuzenzeleNews



Vuk'uzenzele

National Orders nomination information inside.



FREE COPY NOT FOR SALE

GGGV se lewenslange uitwerking op kinders

GESLAGSGEBASEERDE GEWELD en vrouemoord kan 'n ernstige uitwerking op 'n kind se fisiese gesondheid, groei en ontwikkeling hê.



Allison Cooper

Kinders wat groot-word in 'n huis-houding met geslagsgebaseerde geweld en vrouemoord (GGGV) voel dikwels wanhopig.

Dit is volgens dr Dudu Ngubeni, 'n beroepsgeneesheer by die Gauteng Departement van Gesondheid, wat bevestig dat alle vorme van GGGV 'n skending van kinders se regte is.

GGGV verwys na geweld wat op individue en groepegerig is, op grond van hul geslagsverskille. "GGGV is 'n hartseer realiteit wêreldwyd en kom skokkend algemeen in Suid-Afrika voor," sê dr Ngubeni.

"Dink jou net in wat verkragting en fisiese aanranding aan kinders doen. Benewens die fisiese beserings en langdurende emosionele en sielkundige probleme wat tot selfdood kan lei, is daar ook maatskaplike probleme, stigma en verwerpning," het sy bygevoeg.

Langdurige gevolge

"Die uitwerking van GGGV op kinders verskil weens uiteenlopende faktore, soos die aard, hoe dikwels dit voorkom en die erns van die mishandeling. Ander stres-faktore in die gesin, soos 'n

ouer met geestesgesondheids of dwelmmisbruikprobleme, kan die uitwerking op die kind vererger.

Geslagsgebaseerde geweld kan verbaal, fisies, seksueel of sielkundig wees. "Kinders loop 'n groter risiko van emosionele en gedragsprobleme, ongeag of hulle direk mishandel word of nie," sê dr Ngubeni.

"Dit is 'n goed gedokumenteerde realiteit dat mans, in die algemeen, mag en beheer oor vroue en kinders uitoeft – dikwels deur geweld. GGGV ontnem kinders van 'n omgewing wat hulle in staat stel om hul potensiaal ten volle te ontwikkel. Hulle kan ook gedesensitiseer word teenoor lyding en kan geweld begin beskou as 'n geoorloofde manier om hul eie doelwitte te bereik," sê sy.

Jonger kinders wat getuies is van GGGV of dit self ervaar, kan tekens van angstigheid en vrees toon; asook depressie; verlies aan belangstelling in skool, vriende of ander dinge wat hulle in die verlede geniet het; slaapprobleme, insluitend nagmerries of bednatmaak; aggressiewiteit; woede of eetlusversteurings.

Ouer kinders reageer anders. Seuns kan hul ontsteltenis na buite uitdruk deur aggressief

te raak en geweld te gebruik om probleme op te los; of deur alkohol of dwelms te gebruik om ontstellende ervarings en herinneringe uit te blok.

Meisies is weer meer geneig om hul leed na binne te rig. Hulle kan teruggetrokke, angstig of depressief raak; 'n eetversteuring ontwikkel of hulself skade berokken deur hulle te sny of alkohol of dwelms te misbruik.

"GGGV ontnem kinders van 'n omgewing wat hulle in staat stel om hul potensiaal ten volle te ontwikkel."

In die meeste gevalle duur die uitwerking van GGGV op kinders vir 'n lang tyd ná die mishandeling voort. As volwassenes is hierdie kinders meer geneig om self in 'n gewelddadige en mishandelende verhouding betrokke te raak. "Studies het getoon dat kinders wat GGGV ervaar, grootword met die idee van mag-wanbalanse in interpersoonlike verhoudings en die

samelewing. Hulle skep dan 'n struktuur wat GGGV bevorder," verduidelik dr Ngubeni.

Kinders kan hul ook aan GGGV skuldig maak

Siliziwe Mbambo, 'n kinderbeskermingswerker van die Saartjie Baartman Centre for Women and Children (SBCWC), stem saam. "In hul latere lewens kan hierdie kinders hul ook aan GGGV skuldig maak, of dwelmgebruikers word," sê sy.

Die SBCWC hanteer daagliks nuwe gevalle van GGGV. "Die meeste kinders word óf direk óf indirek deur GGGV geraak, wat hulle in ernstige gevaar stel. Die sentrum het ook 'n toename waargeneem in die aantal mense wat hul dienste nodig het, en GGGV is 'n algemene faktor," voeg Mbambo by.

In een geval het 'n kind selfdoodneigings getoont weens 'n gebrek aan ouerlike steun, liefde en aandag. "Die ouers het voortdurend voor die kind fisies en verbaal met mekaar baklei. As gevolg hiervan het die kind belangstelling in skool en enige toekomsdoelwitte verloor," vertel Mbambo.

Kinders is geneig om gedrag na te boots. Seuns leer by hul pa's hoe om gewelddadig teenoor vroue op te tree.

Meisies leer by hul ma's dat geweld normaal is en iets is wat hulle maar moet verduur. Nie alle kinders herhaal egter die patroon nie. Baie probeer huis om nie dieselfde foute as hul ouers te maak nie.

Kinders en adolesente wat aan GGGV blootgestel is, moet deur 'n opgeleide professionele geestesgesondheidswerker geëvalueer word, wat dan die nodige behandeling vir emosionele en gedragsprobleme sal aanbeveel. Behandeling kan terapie insluit en in sommige gevalle, kan medikasie ook nuttig wees. Die nie-mishandelende ouer of versorger benodig ook ondersteuning. **V**

Vir meer inligting of om hulp te kry vir kinders wat deur GGGV geraak word, kontak die GBV Command Centre se tolvrye hulplyn by 0800 428 428 (0800 GBV) of versoek 'n maatskaplike werker om jou te kontak deur *120*7867# vanaf jou selffoon te skakel. Jy kan ook die Stop Gender Violence-hulplyn skakel by 0800 150 150 of die SBCWC by 021 633 5287.